# DIE SOEKE NA PARAMETERS VIR DIE IMPERATIEF VAN DIE DEKOLONISERING VAN DIE KURRIKULUM

## Inleiding en agtergrond

By die vergadering van die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) op 28 November 2016 is die US-bestuur versoek om oor die kwessie van die *dekolonisering van die kurrikulum* na te dink en aanbevelings te doen oor hoe die Universiteit daarop behoort te reageer. Hieronder volg ’n uittreksel uit die notule van die betrokke Raadsvergadering:

> *“Die bestuur word versoek om by ’n volgende geleentheid ’n voorlegging aan die Raad te maak oor die kwessie van dekolonisering van die kurrikulum, die interpretasie wat hulle daaraan heg, wat hulle voorsien in die toekoms hieromtrent gedoen sal word, en ander tersaaklike aspekte.”*

Hierdie voorlegging is ’n poging om parameters te bepaal vir die hantering van die uitdaging van die dekolonisering van die kurrikulum aan die US. Die doel is om die dokument hoogs toeganklik, prakties en uitvoerbaar te maak, dog sonder om die menigte verskillende sienings, standpunte en perspektiewe oor begrippe soos dekolonisasie, dekolonialiteit en postkolonialisme te oorvereenvoudig.

Die voorlegging is soos volg gestruktuur:

- Die eerste deel van die voorlegging bied ’n bondige en vlugtige ontleding van postkolonialisme, dekolonisasie, dekolonialiteit, kurrikulum en die dekolonisasie van die kurrikulum na aanleiding van toepaslike literatuur en gesprekke oor hierdie temas.
- Riglyne wat van bogenoemde bondige ontleding afgelei is, word dan in die tweede deel van die voorlegging aangebied as moontlike rigtingwysers vir die hantering van die noodsaak van die dekolonisasie van die kurrikulum, dog te alle tye as deel van die groter noodsaak van institusionele transformasie.

## Prosesse vir die verkenning van die tema van dekolonisering

Uit die staanspoor is dit belangrik om daarop te let dat studente en personeellede op die US-kampusse reeds die afgelope paar jaar met wisselende intensiteit oor dekolonisering en verbandhoudende kwessies gesprek voer. Daarbenewens is dit ook die onderwerp van hewige debatvoering op verskeie ander Suid-Afrikaanse universiteitskampusse, veral in tye van studenteprotes. Ook in ander wêrelddele word dekolonisasie doelbewus bespreek. Tersiêre instellings, met hulle kenmerkende kultuur van innoverende akademiese vryheid, behoort hierdie gesprekke te verwelkom as ’n manier om transformasie aan te moedig. Verskeie fakulteite beraadslaag spesifiek oor hoe die kurrikula van hulle akademiese programme en pedagogiese prosesse uit ’n dekolonisering-oogpunt verander behoort te word.

Nóg ’n benadering is vir die beheer- en bestuursliggame van ’n universiteit om op ’n formele ondersoek na die tema van dekolonisasie, sowel as ’n ontleding van die implikasies daarvan vir die instelling, te besluit. Dít is die proses wat die Raad van die US by sy vergadering van 28 November 2016 aangevoor het. Hierdie stelselmatige benadering behoort nie beskou te word as ’n alternatief vir die (spontane) debatvoering waarna die vorige paragraaf verwys nie. Trouens, die stelselmatige benadering versterk en verdiep juis die spontane benadering, en sorg dat die instelling die positiewe resultate van spontane gesprekke optimaal benut.

Die Raad se versoek is op 9 Februarie 2017 by die vergadering van die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) ter tafel gelê omdat dit direk met die akademiese aanbod van die US verband hou. Die KLO het besluit dat ’n taakgroep byeengeroep moes word om op die Raad se versoek te reageer. Elke fakulteit is gevra om ’n verteenwoordiger te benoem om in die taakgroep te dien, en verteenwoordigers is ook van die Afdeling Studentesake, die Transformasiekantoor en die studentegemeenskap bekom. Vervolgens het die RBS (Rektor se Bestuurspan) die taakgroep vir die *dekolonisering van die kurrikulum* formeel by sy vergadering van 7 Maart 2017 tot stand gebring.

Die taakgroep het die volgende voorgestelde opdrag by sy eerste vergadering van 23 Maart 2017 aanvaar:

- Maak erns met die opdrag van die Raad, veral wat betref hulle versoek oor die *dekolonisering van die kurrikulum* en die “interpretasie wat [die US-bestuur] daaraan heg”, synde ’n komplekse saak, met veelvuldige vertolkings en gesprekke wat verken moet word.
- Bestudeer die kwessie van die *dekolonisering van die kurrikulum* deur intellektuele ondersoek wat verder strek as net die kurrikulum, maar wat ook ’n studie insluit van die prosesse, kulture en identiteite wat die kurrikulum aan die Universiteit onderstut.
- Besin oor hoe om studente by hierdie gesprek te betrek en vennootskappe tussen die studentegemeenskap, akademici en steunpersoneel te bewerkstellig.
- Doen aanbevelings oor hoe die Universiteit die *dekolonisering van die kurrikulum,* en die algemener gevoelens van vervreemding waaruit hierdie oproep om dekolonisasie spruit, voortaan moet hanteer.

Die eindproduk van die taakgroep se werk is in die verslag “*Recommendations of the Task Team for the Decolonisation of the Stellenbosch University Curriculum”* van 31 Julie 2017 vervat.

Nadat die US se Komitee vir Leer en Onderrig die verslag aanvaar het, is dit in verskeie gelyklopende prosesse oor die hele instelling heen bespreek, naamlik in die Senaat, die RBS, alle fakulteite en professionele steundiensafdelings via die formele bestuurstrukture van die Universiteit, sowel as in die formele studentegemeenskapstrukture. Benewens die taakgroepverslag is twee ander bronne vir insluiting by die gesprekke aan die US aanbeveel: ’n boekhoofstuk oor dekolonisasie deur Jansen (Jansen, 2017) en ’n vaktydskrifartikel deur Le Grange (Le Grange, 2016).

**Omstredenheid van die konsepte en die prosesse vir die verkenning van dekolonisering**

Selfs al het die Raad die US-bestuur aanvanklik versoek vir "die interpretasie wat hulle [aan dekolonisasie] heg", leen die onderwerp hom weliswaar tot 'n breër ondersoek na die US-transformasienoodsaak. Daar is inderwaarheid geen beslissende siening oor dekolonisasie nie, soos die volgende aanhaling uit die taakgroepverslag toon:

"Nes die konsepte van 'dekolonisering', 'dekolonialiteit' en 'die dekolonisasie van die kurrikulum' hoogs omstrede is en emosionele reaksies ontlok, bring die aanvoor en voortsetting van prosesse van sinvolle skakeling oor die *dekolonisering van die kurrikulum* ons ook voor komplekse kwessies te staan. Daar moet 'n middeweg gevind word tussen die risiko van afwaartse, eensydige optrede deur die Universiteit Stellenbosch (wat op die toe-eiening van dekoloniale diskoers kan neerkom) en die behoefte aan institusionele steun vir en deelname aan skakelingsprosesse. Skakelingsprosesse oor die *dekolonisasie van die kurrikulum* behoort op alle vlakke van die US-gemeenskap plaas te vind: onder die studentekorps, tussen die studentekorps en personeellede, onder akademici en steunpersoneel, onder die bestuur en die Raad, en tussen die bestuur en die studentekorps én die bestuur en personeel."

Oor die proses het die taakgroep die volgende te sê:

*"*Die *dekolonisering van die kurrikulum* is nie 'n konsep wat hierdie taakgroep, die Universiteitsbestuur, die Raad van die Universiteit of die akademiese personeel op hulle eie beslissend kan vertolk nie. Dekolonialiteit in kurrikula en pedagogie moet veel eerder spruit uit gemeenskaplike prosesse van gesprekvoering, sinvolle skakeling en 'n gesamentlike verstaan met diegene wat steeds onder koloniale uitsluiting gebuk gaan. Dít kan 'n uitdagende proses wees, want dit vereis persoonlike omgang met historiese prosesse en ons eie rol in hedendaagse prosesse van oorheersing en onderdrukking. Sulke prosesse van gesprekvoering sal moet ondersoek instel na kwessies soos *wie onderrig behoort te gee* aan Afrika-universiteite, *wat onderrig behoort te word* aan 'n Afrika-universiteit, *wie onderrig ontvang* en wat met *die kurrikulum* bedoel word. Hoewel hierdie verslag 'n uiteensetting bied van sommige van die gesprekke oor die *dekolonisering van die kurrikulum* wat reeds by die Universiteit Stellenbosch plaasvind, is baie daarvan gefragmenteer en word dit deur bepaalde groepe belanghebbendes aangevoor eerder as dat die Universiteit in die geheel 'n daadwerklike poging aanwend om gesprek te voer met diegene wat steeds koloniale onderdrukking ervaar, sowel as met diegene wat steeds aandadig is daaraan."

Hulle verslag beklemtoon dat sodanige gesprekvoering en gesamentlike verstaan die rigtingwysers behoort te wees vir enige pogings om die kurrikulum én die US in die geheel te dekoloniseer.

**'n Ondersoek na 'n paar verbandhoudende kernbegrippe – dekolonisasie, kolonialiteit, ensovoorts**

Die volgende gedeeltes werp lig op van die kernbegrippe wat in dekolonisasiegesprekke

voorkom, ook ter wille van die gebruik van terminologie in hierdie verslag. Let egter weereens daarop dat hierdie poging om hopelik toeganklike raamwerke vir die begrip van hierdie konsepte in multidissiplinêre omgewings te bied, teen die agtergrond van die volle erkenning van die veelvuldige menings en standpunte oor, en omskrywings van, hierdie konsepte geskied.

*Dekolonisasie*

Om dekolonisasie te verstaan, moet ons kolonisasie en kolonialiteit verstaan.

Kolonisasie verwys na die historiese tydperk toe imperiale ryke gebou, lande toegeëien, en volkere sowel as hulle eiendom en vaardighede tot onderhorigheid gedwing en misbruik is.

Onderliggend aan die imperiale praktyk van kolonisasie is die bewustelike en onderbewustelike rasionaliteit, logika, gesindheid, vooronderstelling en vooroordeel oor die veronderstelde superioriteit van sekere volke (etnisiteite en nasies) wat betref aspekte soos fisiese kenmerke (velkleur, gesigvorm, neusgrootte, haartekstuur, ensovoorts), intellek, kreatiwiteit, beskaafdheid, gekultiveerdheid, moraliteit en selfs spiritualiteit. Op grond van hierdie logika en vooronderstellings is samelewingstrukture opgerig wat alle fasette van die lewe bepaal. Die begrip van kolonialiteit word gebruik om na hierdie onderliggende logika van superioriteit, en die verbandhoudende samelewingstrukture wat op grond daarvan opgerig is, te verwys.

Gedurende apartheid, as onmiskenbare manifestasie van kolonisasie en kolonialiteit, het ’n “volmaakte” logika en rasionaliteit van superioriteit tot stand gekom. Op grond hiervan is strukture van makro- en mikro-apartheid ontwikkel wat alle lewensterreine geraak het. Hierdie strukture het mense se lewens bepaal, van die mees intieme aspekte, soos met watter kleur persoon jy kon trou, tot die mees openbare aspekte, soos watter soort en gehalte openbare onderwys jy kon ontvang, waar jy kon werk, watter soort werk jy kon doen, en hoe jy aan die politieke en nywerheidslewe kon deelneem.

*Kurrikulum*

As ons oor die kurrikulum praat, heg ons ’n enger sowel as ’n algemener betekenis daaraan.

In enger sin verwys die kurrikulum onder meer na die voor- en nagraadse akademiese programme en die inhoud, doelwitte en uitkomste daarvan, graduandi-kenmerke, assessering, leer, onderrig, ensovoorts. Hierdie enger begrip van kurrikulum is bekend as die “eksplisiete kurrikulum” (Le Grange, 2016, bl. 7).

In algemener sin verwys kurrikulum na die sogenaamde ko-kurrikulêre bedrywighede van ’n universiteit wat onmisbaar is vir die inwerkingstelling van die kurrikulum, soos navorsing en innovasie, transformasiegerigte sosiale impak, internasionalisasie, volhoubaarheid en verskeie

professionele akademiese steundienste, byvoorbeeld studentesake en menslike hulpbronne. Die visie, waardes en institusionele kultuur van ʼn universiteit val ook onder hierdie begrip van kurrikulum. Sommige noem dit die "verborge kurrikulum" (Le Grange, 2016, bl. 7).

Dan praat Le Grange ook van die "nulkurrikulum", d.w.s. dit wat nie aan die universiteit onderrig en geleer word nie (Le Grange, 2016, bl. 7).

Hierdie voorlegging aanvaar sowel die enger as algemener begrip van kurrikulum. Die eksplisiete (enger) kurrikulum sowel as die verborge (algemener) kurrikulum is noodsaaklik om die beoogde uitkomste van universiteitsonderrig te bereik, terwyl die nulkurrikulum voortdurende, kritiese aandag behoort te ontvang.

*Postkolonialisme en dekolonisasie*

Die idee van postkolonialisme is bekend gestel om die nalatenskap van die imperiale tydperk van kolonisasie sowel as die voortgesette aanwesigheid van kolonialiteit die hoof te bied. Postkolonialisme verwys na pogings om die tydperk van kolonisasie te bowe te kom deur die negatiewe impak daarvan te erken én te hanteer. Verskeie postkoloniale teorieë in verskillende vakrigtings konsentreer op kwessies van die nalatenskap van kolonialisme en kolonialiteit.

Tog beskou sommige mense postkolonialisme as ʼn voortsetting van kolonisasie en kolonialiteit, as ʼn ontoereikende ontleding en begrip van die aftakelende en voortslepende ontmensliking wat met kolonisasie en kolonialiteit gepaardgegaan het, en dus as ʼn onvoldoende poging om samelewings van die impak van kolonisasie en kolonialiteit te bevry.

Dekolonisasie is bedoel om kolonisasie as ʼn historiese, imperiale tydperk, en kolonialiteit as die logika en vooronderstelling van superioriteit, sowel as die samelewingstrukture van superioriteit wat daarmee saamhang, die hoof te bied. *Dekolonisasie impliseer dus die ontmaskering en hantering van koloniale strukture op alle lewensterreine, sowel as die koloniale ingesteldheid, denke, rasionaliteit, logika en vooroordele wat sodanige strukture ondersteun.*

*Dekolonisering van die kurrikulum*

Die gesprek oor dekolonisasie in akademiese verband vind hoofsaaklik onder die tema van die dekolonisasie van die kurrikulum plaas.

Jansen (2017, bl. 156-163), ʼn Suid-Afrikaanse onderwyskundige, onderskei op insiggewende wyse tussen verskillende diskoerse, d.w.s. maniere van praat, oor die dekolonisasie van die kurrikulum.

Die dekolonisering van die kurrikulum kan na *die desentrering van Europese kennis* verwys. In ’n verskuiwing weg van Euro-sentriese benaderings tot kennis, word Europese kennis, waardes, wêreldbeskouings en prestasies nie meer as superieure vorme van kennis beskou nie. Teen dié agtergrond behels die dekolonisasie van die kurrikulum die hersentrering van kennis weg van Eurosentrisme na ander middelpunte, soos Afrika. Inheemse en kenmerkende Afrikakennis word as outentiek en eg vooropgestel, en word nie beskou as ’n blote byvoegsel by ander, veral Europese, vorme van kennis nie.

Dekolonisering as *die Afrikanisering van kennis* verskil volgens Jansen van die hersentreringsbenadering hierbo, wat beoog om Europa as middelpunt van kennis te vervang. Daardie benadering laat steeds ruimte vir Europese kennis, hoewel op ’n sekondêre vlak. Daarteenoor beskou die Afrikanisasiebenadering dit as noodsaaklik om Afrikanasionalisme, -identiteit, -kultuur, -waardes, -strewes, -letterkunde, -tale en -onderrigmedia te laat geld.

*Die additief-inklusiewe benadering* behels dat Afrikakennis gewoon aanvullend by kurrikula aangelas word met temas soos Afrikastudies. Dit behels ook dat openbare Afrikasimbole, soos name van geboue en standbeelde, in die groter kurrikulum bloot by bestaande, hoofsaaklik Westerse simbole bygevoeg word.

Dekolonisering van die kurrikulum gaan ook daaroor om krities om te gaan met die kennis van die koloniseerder, wat ook as *setlaar- of besetterskennis* bekend is. Studente moet die vaardighede aanleer om hierdie kennis krities te ondersoek en dit nie voor die voet as betroubaar en gesaghebbend te aanvaar nie. Hierdie benadering vereis ’n omverwerping van die oorheersende setlaarskennis.

In ’n wêreld van onderlinge verbondenheid, interafhanklikheid, verweefdheid en ’n *verwikkelde* bestaan in plaaslike én wêreldverband beïnvloed die kennis van die koloniseerder en die gekoloniseerde mekaar, en vul mekaar aan.

’n Laaste diskoers waarop Jansen wys, is *die repatriasie van besette kennis*. Hierdie diskoers kom veral voor onder inheemse mense wat sukkel om herenig te word met die grond wat van hulle weggeneem is. Dit impliseer ’n radikale wegbreek van die setlaarskennis van die koloniseerders en laat geen ruimte vir die simbiotiese bestaan van die kennis van die gekoloniseerde en koloniseerder nie. So ’n simbiotiese bestaan sou bloot die oorheersing van setlaarskennis in ’n subtiele en verborge vorm voortsit. Die doel hier is om bevry te word van koloniale kennis, wat terselfdertyd die repatriasie van grond aan inheemse volkere behoort te bevorder.

**Praktiese dimensies van kurrikulum- en programvernuwing aan die Universiteit Stellenbosch**

Die Viserektor: Leer en Onderrig (L&O) het holistiese programvernuwing as een van sy verantwoordelikheidsentrum (VS) se kern- strategiese prioriteite vir 2017 uitgewys. Dít spruit uit

’n ontwikkelende US-strategie vir programvernuwing en geïntegreerde L&O-omgewingsplanne wat aan die institusionele beplanningsforums, Senaat en Raad van die US voorgelê is. ’n Praktykgemeenskap is in 2016 tot stand gebring met alle visedekane vir onderrig sowel as senior personeellede gemoeid met programbestuur.

Akademiese programvernuwing sluit ondersoeke na die dekolonisasie van die kurrikulum in, met inagneming van die dekolonisasietaakgroep se verslag wat onder die vaandel van die Komitee vir Leer en Onderrig van die Senaat uitgereik is.

Tog moet daarop gelet word dat programvernuwing gewoonlik ook verskeie ander dimensies in ag neem. In die vernuwing van hulle spesifieke graadprogramme kan fakulteite kies om op enige subgroep van die volgende dimensies te konsentreer:

a) Die ontwikkeling van gewenste graduandi-kenmerke
b) Die stelselmatige inwerkingstelling van inligtingskommunikasietegnologie (IKT), waaronder die ontwerp van ’n program met ’n kombinasie van kampus- en aanlyn aktiwiteite
c) Die insluiting van dimensies van sosiale impak en transformasie
d) Gehalteverbetering van modules en die aanbiedingsproses van programme
e) Herontwerp met die oog op toeganklikheid en inklusiwiteit, gedagtig aan die veranderende aard en diversiteit van die studentekorps
f) Die uitskakeling van onnodige duplikasie van inhoud, die vereenvoudiging van programstrukture, en konsekwentheid in toegekende leerkrediete
g) Meer buigsaamheid in die gebruik van kontaktyd met studente, en die versterking van aanlyn leer
h) ’n Heroorweging van assesseringspraktyke
i) Die integrasie van die kurrikulêre en ko-kurrikulêre elemente van studente-onderrig
j) Verbetering van die finansiële haalbaarheid van programme en modules
k) Besinning oor moontlike kreatiewe kurrikulumnisgebiede/markdifferensiasie

Bogenoemde is alles gebiede van transformasie (verandering) van die kurrikula en akademiese programme wat gereeld oordink moet word.

**Die dekolonisasietaakgroep se voorstelle vir organisatoriese transformasie**

Aangesien die taakgroep sy opdrag uitgebrei het om ook na te dink oor transformasie van die “Universiteit Stellenbosch-ekosisteem” wat onder meer kurrikulumtransformasie kan bevorder, beveel hy die volgende by die US-bestuur aan:

- *Restitusie en aanspreeklikheid van die Universiteit*

Daar word aanbeveel dat die Universiteit sy verlede erken en ruimtes vir versoening en restitusie skep. Daar word voorts aanbeveel dat dít in ’n gees van herstel geskied om sodoende vervreemding te voorkom.

- *Heroorweging van transformasie*

Daar word aanbeveel dat die Universiteit dekolonisasie as ’n kernaspek van sy transformasiestrategie insluit, en dat alle transformasiewerk die beginsels van dekolonisasie aanvaar. Boonop kan die Universiteit nie gewoon aanneem dat dekolonisasie outomaties deel is van sistemiese institusionele transformasie en die verbandhoudende temas van *plek, programme* en *mense* nie. Dekolonisasie en die proses daarvan moet doelbewus by alle toekomstige prosesse en praktyke met betrekking tot institusionele transformasie ingeskryf word.

- *Die rol van die bestuur*

Daar word aanbeveel dat vorme van skakeling oor kwessies soos die *dekolonisasie van die kurrikulum* nie deur die bestuur voorgeskryf word nie, maar dat sodanige skakeling in ruimtes plaasvind wat simpatiek staan teenoor die behoeftes van gemarginaliseerde groepe. Daarbenewens word daar aanbeveel dat die bestuur in gedagte hou dat die *dekolonisasie van die kurrikulum* ’n voortdurende gesprek is, en dus moet personeellede, studente en alle tersaaklike belanghebbendes op ’n volgehoue grondslag in staat gestel word om aan hierdie gesprek deel te neem. Daar word ook aanbeveel dat hierdie taakgroepverslag nie as ’n middel tot ’n doel beskou word nie, maar as die aanvang van ’n reis na dekolonialiteit.

- *’n Begrip van dekolonisasieterminologie*

Daar word aanbeveel dat die leierskap van die US ondersoek instel na hoe hulle gesprekke oor dekolonisasie in hulle eie ruimtes kan aanvoor en voortsit, sodat hulle die omskrywings en terminologie van dekolonisasie wat tans in gesprekke by die Universiteit voorkom beter kan verstaan. Die US-leierskap self behoort ook die ruimtes te betree waar hierdie gesprekke tans plaasvind.

- *Hulpbronne en steun vir personeellede*

Daar word aanbeveel dat hulpbronne en steun beskikbaar gestel word aan personeellede wat in die loop van onderrig-, leer- en kurrikulumvernuwing aan dekolonisasie-inisiatiewe deelneem. Boonop word daar aanbeveel dat geleentheid geskep word om die gaping te oorbrug tussen die formele onderrigruimte en die ko-kurrikulêre ruimte, waar studente die meeste van hulle tyd deurbring.

- *Ruimtes vir skakeling*

Daar word aanbeveel dat sowel fisiese as gespreksruimtes, sowel as die denkruimte van diegene wat die kurrikulum aanbied, gedekoloniseer word. Daar word voorts aanbeveel dat die klaskamerruimte en kurrikulum uitgebrei word met ’n oop gesprek oor wat maatskaplike geregtigheid in dekolonisasieverband beteken.

- *Soorte skakeling*

Daar word aanbeveel dat die bestuur individuele fakulteite, steunpersoneellede en studente aanmoedig om gesprekke en ander inisiatiewe oor die *dekolonisasie van die kurrikulum* voort te sit, en die nodige hulpbronne en steun aan die studentekorps en personeellede verleen in die vorm van derdepartybemiddelaars om sodanige skakelingsprosesse onderling sowel as met die bestuur te fasiliteer.

**’n Paar voorlopige gevolgtrekkings oor die diskoers oor die dekolonisering van die kurrikulum**

Uit hierdie vlugtige ontleding van begrippe soos kolonisasie, kolonialiteit, postkolonialisme, dekolonisasie en die dekolonisasie van die kurrikulum kan sekere parameters vir die gesprekke oor die dekolonisasie van die kurrikulum aan die US vasgestel word.

Die ambivalente, veelduidige en tragiese gevolge van die historiese imperiale tydperk van kolonisasie word erken.

Die historiese tydperk van kolonisasie vereis ’n verbintenis tot toepaslike restitusie in die hede.

Die US is verbind tot ’n proses van sistemiese transformasie, wat behels dat die bewustelike en onderbewustelike koloniale rasionaliteit, logika en vooronderstellings van superioriteit en onderwerping geïdentifiseer, erken, beken en getransformeer word.

Die US is verbind tot ’n proses van versnelde transformasie, wat behels dat die aanwesigheid van subtiele en sigbare, bewustelike en onderbewustelike koloniale rasionaliteite, logikas, vooronderstellings en vooroordele in die strukture van die Universiteit geïdentifiseer, erken en getransformeer word.

Deur sy transformasiegerigte impak op die samelewing is die US verbind tot ’n proses van transformasie, wat behels dat die rasionaliteite en strukture van kolonialiteit wat steeds in die groter samelewing bestaan op onverskrokke wyse getransformeer word.

Wat die algemener begrip van die kurrikulum betref, sal die dekolonisasie van die kurrikulum behels dat die transformasie van die drie inklusiewe domeine in die US se Transformasieplan, naamlik mense, plekke en programme, deur die lens van dekolonisasie geskied. Volgens die Transformasieplan moet die mense, plekke en programme van die US getransformeer word om hoër vlakke van menswaardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid sowel as gelykheid en billikheid te weerspieël.

Die transformasie van mense in dekolonisasieverband sal behels dat personeellede, studente en verskillende belanghebbendes en vennote van die US diversiteit weerspieël. Boonop sal die

ontwikkeling van transformasievaardighede onder die mense van die US onder meer vereis dat ons die bewustelike en onderbewustelike koloniale rasionaliteite en logikas, vooronderstellings en vooroordele te bowe kom.

Die transformasie van plekke in dekolonisasieverband sal behels dat die openbare simbole van die Universiteit – soos sy geboue, standbeelde, gedenkplate, portrette en name van geboue en lokale – koloniale rasionaliteite en vooroordele teenstaan, en menswaardigheid en geregtigheid vir almal bevorder.

'n Dekolonisasiebeskouing van die transformasie van programme van leer en onderrig, navorsing en innovasie sowel as transformasiegerigte sosiale impak sal help dat ons die koloniale rasionaliteite en strukture te bowe kom.

Die dekolonisasie van die kurrikulum in algemener sin impliseer die bevordering van bogenoemde groter transformasieproses. In enger sin impliseer die dekolonisasie van die kurrikulum dat die programme van leer en onderrig, die leerders, die fasiliteerders van leer (opvoeders), leermateriaal, voorgeskrewe en aanbevole literatuur en onderrigmetodes transformasiegerig sal wees. Dít beteken dat ál hierdie elemente van die algemener en enger kurrikulum die transformasiedoelwit van 'n menswaardige lewe vir almal sal bevorder, en dat leer en onderrig sal plaasvind in 'n konteks van 'glokaliteit', d.w.s. waar globale- sowel as lokale insigte, kennis, ervarings, wysheid en literatuur voorkeuraandag geniet.

**Bronnelys**

Jansen, J. *As by fire. The end of the South African University,* Kaapstad: Tafelberg, 2017.

Le Grange, Lesley L. Decolonising the university curriculum, in *South African Journal of Higher Education* 30, 2016.

Taakgroepverslag: *Aanbevelings van die taakgroep vir die dekolonisasie van die Universiteit Stellenbosch-kurrikulum*, 31 Julie 2017. Universiteit Stellenbosch Komitee vir Leer en Onderrig, Agenda van 23 Augustus 2017.